Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## MUSIEK V1

## NOVEMBER 2019

**PUNTE: 120**

**TYD: 3 uur**

**SENTRUMNOMMER:**

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | |

**EKSAMENNOMMER:**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |

**Hierdie vraestel bestaan uit 22 bladsye en 1 bladsy manuskrippapier.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF afdelings, naamlik AFDELING A, B, C, D en E.

2. AFDELING A en B is VERPLIGTEND.

3. AFDELING C: WESTERSE KUNSMUSIEK (WKM), AFDELING D: JAZZ en AFDELING E: INHEEMSE AFRIKAMUSIEK (IAM) is keusevrae. Beantwoord slegs EEN van hierdie afdelings (AFDELING C of D of E).

4. Skryf al die musieknotasie in AFDELING A met potlood en al die geskrewe teks met blou of swart ink op hierdie vraestel.

5. Beantwoord AFDELING B en AFDELING C of D of E met blou of swart ink in die ANTWOORDEBOEK wat verskaf is.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Die laaste bladsy van hierdie vraestel is manuskrippapier wat vir rofwerk bedoel is. Kandidate mag hierdie bladsy verwyder.

8. Kandidate mag vir die duur van hierdie eksamen NIE toegang tot enige musiekinstrument hê NIE.

9. Kandidate moet let op die puntetoekenning van elke vraag om genoeg inligting in hul antwoorde te gee.

10. Skryf netjies en leesbaar.

EcoleBooks



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



## NASIENROOSTER

| AFDELING | VRAAG | PUNTE | NASIENER | MODERATOR |
|---|---|---|---|---|
| A: MUSIEKTEORIE (VERPLIGTEND) | 1 | 20 | | |
| | 2 | 15 | | |
| | 3 | 10 | | |
| | 4 | 15 | | |
| | **SUBTOTAAL** | **60** | | |

**EN**

| AFDELING | VRAAG | PUNTE | NASIENER | MODERATOR |
|---|---|---|---|---|
| B: ALGEMENE MUSIEKKENNIS (VERPLIGTEND) | 5 | 20 | | |
| | **SUBTOTAAL** | **20** | | |

**EN**

| AFDELING | VRAAG | PUNTE | NASIENER | MODERATOR |
|---|---|---|---|---|
| C: WKM | 6 | 10 | | |
| | 7 | 5 | | |
| | 8 | 5 | | |
| | 9 | 5 | | |
| | 10 | 15 | | |
| | **SUBTOTAAL** | **40** | | |

**OF**

| AFDELING | VRAAG | PUNTE | NASIENER | MODERATOR |
|---|---|---|---|---|
| D: JAZZ | 11 | 10 | | |
| | 12 | 5 | | |
| | 13 | 5 | | |
| | 14 | 5 | | |
| | 15 | 15 | | |
| | **SUBTOTAAL** | **40** | | |

**OF**

| AFDELING | VRAAG | PUNTE | NASIENER | MODERATOR |
|---|---|---|---|---|
| E: IAM | 16 | 10 | | |
| | 17 | 5 | | |
| | 18 | 5 | | |
| | 19 | 5 | | |
| | 20 | 15 | | |
| | **SUBTOTAAL** | **40** | | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | **GROOTTOTAAL** | **120** | | |

**AFDELING A: MUSIEKTEORIE (VERPLIGTEND)** **(90 minute)**

**Beantwoord VRAAG 1**
**EN VRAAG 2.1 OF 2.2**
**EN VRAAG 3.1 OF 3.2**
**EN VRAAG 4.1 OF 4.2.**

**VRAAG 1** **(25 minute)**

Bestudeer die uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.






DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



1.1 Noem die toonsoort van hierdie stuk.

________________________________________ (1)

1.2 Gee 'n gepaste Italiaanse term vir die tempo-aanduiding bokant maat 1.

________________________________________ (1)

1.3 Wat is die enharmoniese ekwivalent van die noot by (i)?


________________________________________ (1)

1.4 Benoem die intervalle by (a) en (b) volgens tipe en afstand.

(a) ________________________________________


(b) ________________________________________ (2)

1.5 Halveer die nootwaardes en herskryf die note by (X). Voeg die nuwe tydmaatteken by.



(3)

1.6 Herskryf die vioolparty by (Y) op dieselfde toonhoogte in die gegewe sleutel.




(3)

1.7 Beskryf die drieklanke by (c) en (d) volgens tipe en posisie.

(c) ________________________________________

(d) ________________________________________ (2)

1.8 Beantwoord die vrae oor die uittreksel hieronder.





1.8.1 Voltooi die melodie hierbo deur 'n stygende sekwens te skryf. (1)

1.8.2 Gee TWEE verskillende name vir die modus/toonleer wat by (S) gevorm word.

________________________________________

________________________________________ (2)

1.9 Voltooi 'n blues-toonleer deur VIER note tussen die gegewe note in te voeg.



(2)

1.10 Voltooi die volgende om 'n harmoniese mineurtoonleer te vorm. Voeg die nodige skuiftekens by en merk die halftone.



(2)
**[20]**



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



**VRAAG 2** **(25 minute)**

**Beantwoord ÓF VRAAG 2.1 ÓF VRAAG 2.2.**

2.1 Voltooi die aanvang hieronder om 'n twaalfmaatmelodie in drieledige vorm vir enige melodiese enkellyninstrument van jou keuse te vorm. Noem die instrument en verskaf 'n geskikte tempo-aanduiding. Voeg dinamiese en artikulasie-aanduidings op geskikte plekke in.

Instrument: ___________________________

Tempo: ______________________________




Die melodie sal volgens die volgende kriteria nagesien word:

| BESKRYWING | PUNTE-TOEKENNING | KANDIDAAT SE PUNT |
|---|---|---|
| **Vorm en kadenspunte** | 3 | |
| **Korrektheid**<br>Nootstele, polsslae per maat, skuiftekens, spasiëring, uitleg | 2 | |
| **Kwaliteit**<br>Toepaslikheid van instrument; korrekte omvang; musikaliteit; dinamiese, artikulasie- en tempo-aanduidings | 10 | |
| **TOTAAL** | **15** | |

**[15]**

**OF**

2.2 Voltooi die aanvang hieronder om 'n twaalfmaatmelodie in drieledige vorm vir enige melodiese enkellyninstrument van jou keuse te vorm. Noem die instrument en verskaf 'n geskikte tempo-aanduiding. Voeg dinamiese en artikulasie-aanduidings op geskikte plekke in.

Instrument: ________________________

Tempo: ___________________________




Die melodie sal volgens die volgende kriteria nagesien word:

| BESKRYWING | PUNTE-TOEKENNING | KANDIDAAT SE PUNT |
|---|---|---|
| **Vorm en kadenspunte** | 3 | |
| **Korrektheid**<br>Nootstele, polsslae per maat, skuiftekens, spasiëring, uitleg | 2 | |
| **Kwaliteit**<br>Toepaslikheid van instrument; korrekte omvang; musikaliteit; dinamiese, artikulasie- en tempo-aanduidings | 10 | |
| **TOTAAL** | **15** | |

**[15]**



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM


Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



**VRAAG 3** **(10 minute)**

**Beantwoord ÓF VRAAG 3.1 ÓF VRAAG 3.2.**

3.1 Bestudeer die uittreksel en beantwoord die vrae.




Cadence/*Kadens*: ______________________

3.1.1 Noem die toonsoort van hierdie stuk.

________________________________________ (1)

3.1.2 Besyfer die akkoorde by (a)–(e) met Romeinse syfers op die partituur, bv. $iii^6$/iiib. (5)

3.1.3 Identifiseer die kadens by (f) in maat $7^4$–8 op die partituur. Besyfer die akkoorde met Romeinse syfers. (2)

3.1.4 Noem die tipes nie-akkoordnote by (X) en (Y).

(X) ________________________________________

(Y) ________________________________________ (2)
**[10]**

**OF**

ÉcoleBooks



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



3.2 Bestudeer die uittreksel en beantwoord die vrae.




Cadence/*Kadens*: ___________________________

3.2.1 Identifiseer die akkoorde (a)–(f) en skryf die akkoordsimbole in die spasies wat daarvoor op die partituur verskaf is, bv. $B^b$/D. (6)

3.2.2 Noem die tipes nie-akkoordnote by (X) en (Y).

(X) ______________________________________________

(Y) ______________________________________________ (2)

3.2.3 Noem die kadens wat in maat 14–16 op die partituur gevorm word. Dui die akkoordsimbole by (g) en (h) aan. (2)
**[10]**

ÉcoleBooks



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



**VRAAG 4** **(30 minute)**

**Antwoord ÓF VRAAG 4.1 ÓF VRAAG 4.2.**

4.1 Voltooi die vierstemmige vokale harmonisasie hieronder deur die alt-, tenoor- en baspartye by te voeg.





Die harmonisasie sal volgens die volgende kriteria nagesien word:

| BESKRYWING | PUNTE-TOEKENNING | KANDIDAAT SE PUNT |
|---|---|---|
| **Korrektheid**<br>Notasie, verdubbeling, spasiëring, stemvoering | 12 | |
| **Akkoordprogressie**<br>Akkoordkeuse, korrekte kadense | 14 | |
| **Kwaliteit**<br>Musikaliteit, nie-akkoordnote, stylbewustheid, kreatiwiteit, bv. gebruik van kadensiële $^6_4$ en deurgangs $^6_4$ progressies | 4 | |
| **TOTAAL** | **30(÷ 2) = 15** | |

**[15]**

**OF**

4.2 Voltooi die stuk hieronder deur geskikte harmonisasiemateriaal in die oop ruimtes op die notebalk by te voeg. Gaan voort in die styl wat deur die gegewe materiaal in maat 1 en 2 voorgestel word.







Die antwoord sal volgens die volgende kriteria nagesien word:

| BESKRYWING | PUNTE-TOEKENNING | KANDIDAAT SE PUNT |
|---|---|---|
| **Korrektheid**<br>Notasie, spasiëring, stemvoering | 12 | |
| **Akkoordprogressie**<br>Akkoordkeuse, korrekte kadense | 14 | |
| **Kwaliteit**<br>Musikaliteit, nie-akkoordnote, stylbewustheid, kreatiwiteit, bv. gebruik van interessante akkoord-konstruksies en progressies | 4 | |
| **TOTAAL** | **30(÷ 2) = 15** | |

**[15]**

**TOTAAL AFDELING A: 60**



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



**AFDELING B, C, D, E: ALGEMENE MUSIEKKENNIS (90 minute)**

**Antwoord AFDELING B**
**EN AFDELING C (Westerse Kunsmusiek)**
**OF AFDELING D (Jazz)**
**OF AFDELING E (Inheemse Afrikamusiek).**

**AFDELING B: ALGEMEEN (VERPLIGTEND)**

**VRAAG 5**

5.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae/stellings gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (5.1.1 tot 5.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 5.1.11 D.

5.1.1 Timbre is 'n ander term vir …

A tonaliteit.
B die kwaliteit en klanksterkte van die toon.
C die kleur en karakter van die toon.
D die duur en die klanksterkte van die toon.

5.1.2 'n Fagot is 'n …

A transponerende koperblaasinstrument.
B nie-transponerende houtblaasinstrument.
C transponerende dubbelrietinstrument.
D nie-transponerende enkelrietinstrument.

5.1.3 Lofsang/Pryssang ('Praise singing') (ukubonga) kan beskryf word as …

A 'n uitvoering/voordrag van musiek en poësie.
B 'n uitvoering/voordrag by alledaagse gebeurtenisse.
C 'n uitvoering/voordrag van musiek en dans.
D Al die bogenoemde

5.1.4 'n Twaalfmaat harmoniese patroon kom meestal by ... voor.

A bebop
B ragtime
C avant-garde-musiek
D blues

5.1.5 Kontrapuntale tekstuur kan as … beskryf word.

A homofonie
B polifonie
C monofonie
D Al die bogenoemde

5.1.6 Watter EEN van die volgende instrumente pas NIE?

A Tromboon
B Trompet
C Saksofoon
D Flugelhorn

5.1.7 Watter EEN van die volgende instrumente is 'n membranofoon?

A Mbira
B Marimba
C Tabla
D Koedoehoring

5.1.8 'n Aantal note of akkoorde wat 'n tydelike of permanente einde van 'n musikale frase aandui:

A Kadens
B Akkoordprogressie
C Fermata
D Opslag

5.1.9 Die vers in 'n popliedjie is 'n gedeelte wat …

A dieselfde as die brugpassasie klink.
B met die refrein kontrasteer.
C die koda van die liedjie vorm.
D dieselfde lirieke as die refrein het.

EcoleBooks

5.1.10 Poliritme beteken ...

A 'n aksent in musiek wat veroorsaak word deur die swak polsslag te beklemtoon.
B die gelyktydige gebruik van twee of meer melodieë of stemme.
C die gelyktydige gebruik van twee of meer kontrasterende ritmes.
D die gebruik van 'n komplekse ritmiese patroon in 'n melodie.

(10 x 1) (10)

5.2 Verduidelik VIER regte van 'n komponis met verwysing na haar/sy komposisie, afgesien van uitvoeringsregte. (4)

5.3 Verduidelik hoe tantieme werk. (2)

5.4

| CAPASSO; | EMI; | SONY MUSIC; | SAMRO |
|---|---|---|---|

Uit die lys maatskappye hierbo, kies 'n:

5.4.1 Opnamemaatskappy (1)

5.4.2 Musiekregte-organisasie (1)

5.5 Beskryf TWEE funksies van 'n musiekuitgewersmaatskappy. (2)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING B: 20**



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



**Beantwoord AFDELING C (WKM)**
**OF AFDELING D (JAZZ)**
**OF AFDELING E (IAM).**

**AFDELING C: WESTERSE KUNSMUSIEK (WKM)**

**VRAAG 6**

6.1 Watter stemtipes word met die volgende karakters in *Die Towerfluit* van WA Mozart geassosieer?

6.1.1 Tamino

6.1.2 Koningin van die Nag

6.1.3 Monostatos (3)

6.2 Watter veranderinge het die Mannheim-skool aan die bestaande orkesopset aangebring? (2)

6.3 Noem EEN orkes-speeltegniek wat die Mannheim-skool ontwikkel het. (1)

6.4 Kies VIER genres of werktipes in KOLOM A en pas ELKEEN by die korrekte stelling in KOLOM B. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommers (6.4.1 tot 6.4.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 6.4.6 H.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 6.4.1 Ouverture | A solowerk met orkesbegeleiding |
| 6.4.2 Simfonie | B werk in vier dele |
| 6.4.3 Toondig | C musiekdrama |
| 6.4.4 Aria | D inleiding tot 'n groter werk |
| 6.4.5 Opera seria | E komiese musiekdrama |
| | F onafhanklike enkelwerk met programmatiese inhoud |
| | G 'n werk in drie dele met 'n solo-instrument |

(4 x 1) (4)
**[10]**

**VRAAG 7**

7.1 Skryf 'n paragraaf waarin jy *rondovorm* verduidelik. (4)

7.2 Wat is die tempo van 'n tipiese rondobeweging? (1)
**[5]**

**VRAAG 8**

Skryf 'n paragraaf waarin jy die genre (2 punte) van die werk definieer en beskryf hoe Mendelssohn sonatevorm (3 punte) in die *Hebrides Ouverture* aanwend. **[5]**

**VRAAG 9**

Skryf 'n paragraaf waarin jy bespreek waarom die opera, *Die Towerfluit*, as 'n goeie voorbeeld van 'n Singspiel beskou kan word. **[5]**

**VRAAG 10**

Skryf 'n opstel oor Beethoven se *Pastorale Simfonie Nr. 6 Op. 68* waarin jy bespreek hoe die gebruik van instrumente die pastorale idee uitbeeld. Verwys na ten minste DRIE van die bewegings.

ÉcoleBooks

Jy sal krediet vir die logiese uiteensetting van feite en die struktuur van jou opstel ontvang.

Die opstel sal volgens die volgende kriteria nagesien word:

| KRITERIA | PUNTETOEKENNING |
|---|---|
| Programmatiese titels van minstens drie bewegings | 3 |
| Verband tussen instrumente en pastorale idees in minstens drie bewegings | 9 |
| Logiese aanbieding en struktuur van die opstel | 3 |
| **TOTAAL** | 15 |

**[15]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**OF**


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



## AFDELING D: JAZZ

### VRAAG 11

11.1 Skryf kort aantekeninge oor die speelstyl van Feya Faku. (2)

11.2 Noem TWEE prominente ritmiese eienskappe van kwêla. (2)

11.3 Verduidelik waarom die woonbuurt, Sophiatown, belangrik was in die ontwikkeling van Afrika-jazz. (2)

11.4 Kies VIER kunstenaars in KOLOM A en pas ELKEEN by die korrekte instrument in KOLOM B. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommers (11.4.1 tot 11.4.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 11.4.6 H.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 11.4.1 Moses Molelekwa | A tromstel |
| 11.4.2 Philip Tabane | B saksofoon |
| 11.4.3 Robbie Jansen | C kitaar |
| 11.4.4 Louis Moholo | D penniefluit |
| 11.4.5 Lemmy Mabaso | E klavier |
| | F trompet |
| | G tromboon |

(4 x 1) (4)
**[10]**

### VRAAG 12

Skryf 'n paragraaf oor die musieknalatenskap van die Jazz Epistles. **[5]**

### VRAAG 13

Skryf 'n paragraaf waarin jy die bydrae van Miriam Makeba OF Dolly Rathebe OF Thandi Klaasen tot Suid-Afrikaanse jazz bespreek. **[5]**

### VRAAG 14

Skryf 'n paragraaf waarin jy die eienskappe van Kaapse jazz verduidelik deur na EEN van die volgende kunstenaars te verwys: Abdullah Ibrahim OF Robbie Jansen OF Winston Mankunku Ngozi. Verwys na die elemente van musiek. **[5]**

**VRAAG 15**

Skryf 'n opstel waarin jy die historiese agtergrond, musikale oorsprong en styleienskappe van marabi bespreek.

Noem EEN kunstenaar en 'n trefferliedjie/album.

Jy sal krediet vir die logiese uiteensetting van feite en die struktuur van jou opstel ontvang.

Die opstel sal volgens die volgende kriteria nagesien word:

| KRITERIA | PUNTETOEKENNING |
|---|---|
| Historiese agtergrond | 2 |
| Musikale oorsprong | 3 |
| Styleienskappe | 5 |
| Verteenwoordigende kunstenaar en trefferliedjie/album | 2 |
| Logiese aanbieding en struktuur van die opstel | 3 |
| **TOTAAL** | 15 |

**[15]**

**TOTAAL ADELING D: 40**

**OF**

ÉcoleBooks



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



## AFDELING E: INHEEMSE AFRIKAMUSIEK (IAM)

### VRAAG 16

16.1 Wat is die rol van musiek in tradisionele genesing? (2)

16.2 Beskryf TWEE maniere waarop 'n kitaar in maskanda gestem kan word. (2)

16.3 Verduidelik TWEE maniere waarop Sello Galane kiba in die moderne weergawe daarvan, vrye kiba, ontwikkel het. (2)

16.4 Kies VIER kunstenaars in KOLOM A en pas ELKEEN by die korrekte musiekinvloed in KOLOM B. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommers (16.4.1 tot 16.4.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 16.4.6 H.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 16.4.1 | Soul Brothers | A | amakhweyane |
| 16.4.2 | Sello Galane | B | umnqokolo |
| 16.4.3 | Phuzekhemisi | C | Amerikaanse soul |
| 16.4.4 | Mahlathini | D | mbube |
| 16.4.5 | Joseph Shabalala | E | malombo |
| | | F | moppies en ghoema |
| | | G | kwaito |

(4 x 1) (4)
**[10]**

EcoleBooks

### VRAAG 17

Skryf 'n paragraaf waarin jy die oorsprong van isicathamiya en hoe die styl internasionale status verwerf het, beskryf. **[5]**

### VRAAG 18

Skryf 'n paragraaf waarin jy Philip Tabane se sangstyl in malombo bespreek. **[5]**

### VRAAG 19

Skryf 'n paragraaf oor die ontwikkeling van kinders se musiekvaardighede in tradisionele Afrika-gemeenskappe. **[5]**

**VRAAG 20**

Skryf 'n opstel waarin jy redeneer waarom mbaqanga as 'n vermenging van Afrika- en Westerse eienskappe beskou kan word.

Jy sal krediet vir die logiese uiteensetting van feite en die struktuur van jou opstel ontvang.

Die opstel sal volgens die volgende kriteria nagesien word:

| KRITERIA | PUNTETOEKENNING |
|---|---|
| Afrika-styleienskappe | 6 |
| Westerse styleienskappe | 6 |
| Logiese aanbieding en struktuur van die opstel | 3 |
| **TOTAAL** | 15 |

**[15]**

**TOTAAL ADELING E: 40**
**GROOTTOTAAL: 120**

ÉcoleBooks



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



ÉcoleBooks